

Nege dekades

'n Bestaansjaar van nege dekades. Een dekade weg van 'n eeu. Alles het begin deur 'n saadjie wat geplant is as 'n idee en het ontblom in een van die grootste verenigings regstreeks.

220 000 mense word ingesluit in al die wonderlike projekte wat aangebied word. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), gee kultuur vlerke; dit bied 'n platform vir alle ouderdomme om hul gawes prys te gee of dinge te beproef. Die ATKV bou al vir nege dekades aan die Afrikaanse taal sonder enige mislukking.

Mense droom om die goedkeuring van die ATKV te ontvang. Vandat hulle jonk is, droom aspirante digters of skrywers om eendag 'n woordveertjie te ontvang en hul gawes met die wêreld te deel. Akteurs en aktrises kry die kans om hul loopbaan betyds te loods deur die Tienertoneel projek en toekomstige politieke leiers word gebore in die debat en redenaars kategorie.

Met swetende hande staan mens voordat jy bepunt word en voel die verligting wat deur jou are swem indien jy na die tyd net 'n glimlag van 'n beoordelaar ontvang. Nadat mens jou skryfwerk instuur, sit jy en jou familie hande gevou todat jy die uitslae ontvang het. Skrywers se loopbaan begin tóg by die ATKV se skryfkompetisies.

'n Uitgawe van die Taalgenoot maak seisoenaal 'n verskying in mense se lewens en verlig mens se donker tye. Mens kan agteroor sit, ontspan en merkwaardige artikels se woorde oor jou laat vloei. Mens lees artikels oor interessante, unieke onderwerpe, wat jou verbeelding vrye teuels gee.

Die ATKV is 'n veilige tuiste vir elkeen van ons. Vir nege dekades bied hulle vir ons 'n kultuurtuiste, waar ons veilig kan voel. Afrikaansliefhebbers kan elkeen bymekaar kom. Die ATKV bied 'n platform vir leer en probeer, hulle bied 'n stem vir 'n diversiteit van mense en verbind elkeen wat lief is vir die Afrikaanse taal. Met harde werk, kan hulle na nege dekades stééds die vrugte van die boom pluk.